

Ontmoeting 22

Lukas 15: 11 – 24

Hulpmiddels

Besempoppe: pa, twee seuns, wilde vriende, boer, slaaf van die pa



WELKOM

Speel wegkruipertjie met jou groep kinders.

Alternatief: Steek die goed op verskillende plekke weg en laat die kinders daarna soek. Gee vir hulle 'n lysie van die artikels, bv. handskoen, potlood, emmer, borsel, boek, ens.

Deur die speletjies kom hulle agter dat iets (of iemand) weg was en weer gevind is.



WYDING

Temalied: “Jesus be the centre”
(soos in kwartaal 1)

Stilword-ritueel: Die leier begin stadig en saggies die woord ‘wie’ herhaal. Dit raak progressief harder en vinniger totdat die leier eindig deur te vra: “Wie is die Een wat ons volg?” Die kinders antwoord deur hard saam “Jesus” te skree terwyl hul een hand met wysvinger na bo wys. Onmiddellik daarna laat sak hulle hul hande en plaas hul vingers voor hul monde, buig hul hoofde en staan 'n paar oomblikke in stilte.



WOORD

Voer die storie op met besempoppe:

'n Man het twee seuns gehad vir wie hy baie lief was. Die jongste een het op 'n dag na sy pa toe gekom en gesê: “Pa, ek het nou lank genoeg in Pa se huis gebly. Dis nou tyd dat ek so 'n bietjie wegbreek en my eie potjie gaan krap. Pa moet asseblief my deel van Pa se goed gee sodat ek kan gaan.”

Die pa was hartseer, maar hy het tog sy goed

Die verlore seun

verdeel. Die jongste seun het dadelik sy goed verkoop, die geld gevat en na 'n ver land vertrek. In die ver land het hy heerlik gemors met die geld waarvoor sy pa al die jare so hard gewerk het. Hierdie seun se geld het vinnig opgeraak en al sy vriende het hom in die steek gelaat. Al werk wat hy op die ou end kon kry, was om vir 'n boer varke op te pas. Dit was vir hom bitter swaar, want julle weet mos Jode hou nie van varke nie. Daar het hy gesit terwyl sy maag pyn van die honger. Selfs die varke se kos het later vir hom lekker gelyk!

En daar in die varkhok kry hy 'n blink plan. Hy onthou hoe goed sy pa na sy werkers omsien en hy besluit om vir sy pa te gaan werk. “Ek sal eerder 'n werker op my pa se plaas wees as om hier tussen die varke te sit.”

Eendag staan die pa nog so oor die vlaktes en kyk. Hy sien iemand aankom. Hy kan sy oë nie glo nie... Daar in die verte kom sy seun wat weg was, aan. Hy hardloop so vinnig as wat sy bene hom kan dra. Hy omhels sy seun. Die seun wou nog sê: “Pa, ek het net vir Pa kom werk”, maar die pa het hom nie kans gegee om klaar te praat nie.

Die pa roep sy werkers en sê: “Gaan haal vir hom skoon klere, skoene en 'n ring vir sy vinger. Ons gaan 'n groot partytjie hou, want my seun wat ek gedink het dood is, het teruggekome.”

Die kinders dink na oor die verhaal:

1. Ek wonder hoe die pa gevoel het toe die seun sê hy wil weggaan.
2. Ek wonder hoe die pa gevoel het toe die seun teruggekome het.
3. Ek wonder wat sê die storie vir jou.



WERSKAF

- ◆ Sit papierborde en kryte neer. Die opdrag is dat die kinders aan die een kant kan teken hoe hulle dink dit voel om verlore te wees. Aan die ander kant teken hulle hoe dit voel om gevind te word.
- ◆ Die kinders kyk na die volgende prente en merk die 10 verskille in die prente.

Sluit af met die seënbede.

